

8 Junie

Matteus 14:22-33, (Teks: 14:31-33)

Kleingelowige, waarom twyfel jy?

Jesus wou sy dissipels daartoe bring dat hulle beseft dat Hy die Seun van God is. Hulle het nog nie beseft dat dit gaan om 'n geestelike koninkryk nie. Hulle het 'n aardse koninkryk verwag. Hulle moes afsien van hulle aardse verwagting van Hom. In die storm op die see sou Jesus hulle oë oopmaak. In die angs wat hulle oorval het, kom Jesus op die see aangeloop om hulle te red. Hierin sien ons sy goddelike krag. Ook wanneer Hy vir Petrus op die see laat loop en Hy die storm stil maak. Petrus se impulsiewe optrede en Jesus se onderrig daardeur gee aan ons 'n kykie in ons eie lewe van kleingeloof. Wanneer Petrus sy fokus van Jesus af wegvat deur homself blind te staar teen die onstuimige see, begin hy sink. Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en vir Petrus gegryp. Petrus het beseft dat Hy alleen die mag het om dit te doen. Tog het hy vir 'n oomblik getwyfel in Jesus se mag toe hy op die water geloop het. Die feit dat hy getwyfel het, het sy geloofsvertroue weggevreet. Hy het bang geword en so kontak met Jesus begin verloor. Daarom het hy begin sink. Moenie toelaat dat vertwyfeling die sekerheid van jou geloof wegvreet nie. Trek die volle wapenrusting van God aan (Ef. 6:10 e.v.). Hou jou oë op Jesus Christus gevestig, dan sal jy nie geestelik moeg word en uitsak in die wedloop van die geloof nie (Heb. 12:1-3).

Sing: Psalm 42:1,3,5

Ds. W.P. van der Merwe (Swartruggens)